Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!*

# **Parashah 30:** *K'doshim* (קדושים) – Afgesonderde (Heilige) Volk

יהוה *het met Moshe gepraat en gesê: "Praat met die hele vergadering van die kinders van Yisra'el en sê vir hulle: 'Julle moet afgesonderd wees, want Ek,* יהוה*, julle God, is Afgesonderd.* Lev. 19:1 en 2 – PWL[1].

**Torah:** Lev. 19:1 tot 20:27

- **Lev. 19:1** – Wees Heilig (Afgesonder)
- **Lev. 19:18** – Naasteliefde

**Haftorah:**

- Amos 9:7 tot 15 – Die Belofte van Herstel
- Eseg. 20:2 tot 20 – 'n Waarskuwende Voorbeeld

**Hernieude Verbond:** Matt. 5:33 tot 37 en 43 tot 48; Matt. 15:1 tot 11; Matt. 19:16 tot 30; Matt. 22:33 tot 40; Mark. 7:1 tot 23; Mark. 12: 28 tot 34; Luk. 10:25 tot 39; Rom.13:8 tot 10; Gal. 5:13 tot 26; Jak. 2:1 tot 9; 1 Petr.1:13 tot 21.

*God did not save us to make us happy, He saved us to make us holy* – Jerry Benjamin.

*We live in a day where we are more afraid of holiness than we are of sinfulness* – L. Ravenhill.

*What would happen in our day if believers were to get honest about their sin and serious about pursuing holiness?*

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

*The greatest wisdom on this earth is holiness* – W.S. Plumer

# Midrash (Torah Bespreking)

## Lev. 19:1 – Wees Afgesonder (Heilig)

Die opdrag in Lev. 19:1 en 2 neem ons terug na die aankoms van Israel by die berg Sinai toe YHVH deur Moses aan die volk gesê het:

*Julle het gesien wat Ek aan die Egiptenare gedoen het en hoe Ek julle op arendsvlerke gedra en na My toe gebring het. Daarom, as julle My stem sal gehoorsaam en My verbond nakom, sal julle 'n spesiale skat vir My bo al die volke wees, want die hele aarde is Myne. Júlle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde nasie wees. Hierdie is die woorde wat jy vir die kinders van Yisra'el moet sê."* Ex. 19:4 tot 6 – PWL.

Om afgesonder (heilig) te wees, en as afgesonderdes (heiliges) te lewe, is dus 'n duidelike opdrag van die ou verbond. Daarom word hierdie opdrag telkens in die Torah herhaal, soos byvoorbeeld in Lev. 20:7 en 26 (PWL) van hierdie week se parashah:

*Sonder julleself af en wees afgesonderd, want Ek is יהוה, julle God*

*Julle moet afgesonder wees tot My, want Ek, יהוה, is afgesonderd en Ek het julle van die volke af afgesonder om Myne te wees.*

Is hierdie opdrag ook van toepassing vir die gelowige van die hernieude verbond? Die antwoord is 'n besliste 'Ja', want ons lees in die eerste algemene brief van Petrus die volgende:

*Daarom, bind die heupe van julle verstand vas, wees volkome waaksaam en verwag die onverdiende guns wat julle deel word by die openbaring van Yeshua, Die Gesalfde Een, soos gehoorsame kinders en moenie weer deel kry aan julle vorige begeertes wat julle sonder kennis begeer het nie, maar wees afgesonderdes in al julle lewenswyses, soos wat Hy wat julle geroep het, afgesonderd is, omdat daar geskrywe is: "Wees afgesonderd, soos Ek afgesonderd is."* 1 Pet. 1:13 tot 16 – PWL

Petrus brei dan hierop uit en skryf verder:

*Julle word net so as lewende stene opgebou en julle het 'n geestelike tempel en afgesonderde priesters geword, om geestelike offers te bring wat vir God aanvaarbaar is deur Yeshua, Die Gesalfde Een.* 1 Pet. 2:5 – PWL

*Julle is'n gekose nasie, om te dien as priesters in die Koninkryk, 'n afgesonderde volk, bymekaargemaak en bevry, om die lofprysinge van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig.* 1 Pet. 2:9 – PWL

Open 5: 8 tot 10 bevestig dat YHVH van Sy volk vereis om 'n afgesonderde (heilig) koninklike priesterdom te wees. Dit was die opdrag aan die begin en dit steeds die opdrag vir vandag en sal tot aan die einde van dae die opdrag wees!

*Toe Hy die boekrol ontvang het, val die vier wesens en die vier en twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met 'n snaarinstrument en 'n goue bak vol soet speserye, wat die gebede van*

*die afgesonderdes is, wat 'n nuwe lofprysingslied sing en sê: "U is waardig om die boekrol op te tel en sy seëls los te maak, want U is doodgemaak en het ons vanuit elke stam, volk en nasie, met U bloed, vir God losgekoop, en U het hulle, vir ons God se Koninkryk, priesters en konings gemaak en hulle sal oor die aarde heers."* (PWL)

**Die Betekenis van Afgesonder (Heilig)**

In die Afrikaanse en Engelse vertalings van die Skrifte word die woord *heilig* (*holy*) en nie *afgesonder* gebruik: *Wees heilig, want Ek is heilig*. Dit is egter belangrik om die betekenis van die Hebreeus vir *heilig*, naamlik *kadosh* te verstaan.

*Heilig beteken om seremoniëel en moreel rein te wees en om toegewy en afgesonder vir 'n bepaalde doel te wees.*

In Engels: *to be consecrated and set apart*. In die lig hiervan kom die betekenis van *kadosh* meer duidelik na vore deur eerder die woord *afgesonder* te gebruik. Om die ware betekenis van *afgesonder* (heilig) egter te verstaan, moet ons die betekenis van *kadash* (heilig) volgens Hebreeuse denke verstaan. Dit kan kortliks soos volg verduidelik word:

In alle gelowe (godsdienste) vind ons die konsep van heilig en die algemene siening is dat dit beteken om apart of afgeskei van die wêreld te wees. Die uiterste vorm hiervan is in Katolisisme waar 'n man of vrou as monnik of non afgeskei van die res van die wêreld in 'n klooster lewe. Hierdie gebruik vind ons ook in Hinduïsme waar 'n leefwyse apart van die wêreld gepaard gaan met meditasie. Die afstanddoening van sekere alledaagse genietinge vorm ook deel van die algemene siening van heilig. Deur geskei van die wêreld te lewe en deur sekere basiese genietinge prys te gee, word daar na heiligheid gestrewe. Hierdie heiligheid gaan dan ook meestal gepaard met 'n kenmerkende kleredrag wat die persoon as sogenaamd heilig onderskei.

Is dit egter wat YHVH bedoel toe Hy gesê het: *Wees heilig, want Ek is heilig* (Lev 11:44 en 45; 19:2; 20:7; 1 Pet. 1:15 en 16)?

Eerstens moet ons besef dat YHVH ons nie 'n opdrag sal gee wat nie menslik haalbaar is nie. Derhalwe is dit belangrik om te verstaan wat dit beteken as YHVH sê dat Hy heilig is. Indien ons dit verstaan, kan ons YHVH navolg om te wees soos Hy is.

Die vraag is dus: Is YHVH afgeskei en afgesonder van die wêreld? Die antwoord is: Nee!! YHVH is Alomteenwoordig! Hy is teenwoordig in elke aspek en faset van hierdie wêreld wat Hy geskape het. Hy is Alomteenwoordig in die negatiewe en die positiewe. Ongeag wat gebeur is YHVH egter dieselfde – gister, vandag en tot in ewigheid. Hy is die Onveranderbare! Sy Karakter en Outorieit verander nie. Sy Torah bly staande te midde van alles wat in die wêreld gebeur! Hy word nie aan bande gelê deur dit wat gebeur nie. YHVH se Karakter en Outoriteit, soos in Torah uiteengesit word, bly onveranderd en sal uiteindelik in elke aspek en faset van hierdie wêreld geld en toegepas word. YHVH is teenwoordig in alles, maar Hy bly onveranderd. Dit is die betekenis van afgesonder (heilig).

Daarom wil YHVH nie hê dat ons afgesonder (geskei) van hierdie wêreld moet leef nie. Hy verwag nie van ons om onsself te isoleer en nie met die wêreldse in aanraking te kom nie. Nee, YHVH wil hê dat ons elkeen so 'deurdrenk' van Sy Torah moet word dat dit wat in die wêreld gebeur ons nie sal laat verander of sal laat struikel nie. Ons moet YHVH se Torah in hierdie wêreld wees! Sy Torah moet nie net ons eie lewens beïnvloed en verander om gelykvormig aan

Yeshua te word nie, maar ook die van ons geliefdes en van die omgewing waarmee ons in aanraking kom. Dit is om afgesonder te wees soos wat YHVH afgesonder is.

Om toegewy en afgesonder (heilig) te wees beteken dus nie om jouself te isoleer uit hierdie wêreld nie. Heilig is om steeds in hierdie wêreld te wees, maar om nie deur die wêreldse beïnvloed te word nie. Nee, dit is om jou alledaagse lewenswandel en jou skeppingsdoel volgens YHVH se Torah – Sy onderrig, instruksies en wysheid – te rig en om op die wyse die wêreld om jou te beïnvloed. Ons is in hierdie wêreld, maar ons is nie deel daarvan nie. Ons moet die lig (die Torah) in hierdie wêreld wees!

Ons kan ook die volgende dan vra: Hoe lyk iemand wat heilig is? Daarmee verwys ons nie net na die persoon se uiterlike voorkoms nie, maar na die karakter en hoedanighede van ‘n persoon wat heilig is. Hoewel voorkoms ‘n aanduiding van heiligheid kan wees, is dit nie die maatstaf waarmee heiligheid gemeet word nie. Sou ons YHVH Yeshua kon ‘sien’, sou ons wel geweet het hoe YHVH se heiligheid ‘lyk’.

Yeshua het egter gesê dat as ons Hom sien, dan sien ons ook die Vader (Joh. 14:9). Nou weet ons dat Yeshua die Woord (die Torah) van YHVH is wat vlees geword het (Joh. 1:1). Daarom weet ons hoe heiligheid ‘lyk’ wanneer ons na YHVH se Torah ‘kyk’. Ons ‘sien’ YHVH Yeshua in Torah en daarom weet ons hoe heiligheid ‘lyk’. Vader-God toon Homself as die Heilige – Die Afgesonderde – van Israel deur Sy Torah. Om dus heilig te wees soos YHVH heilig is, is om te dink, te praat en te doen wat Torah ons leer! Luister wat sê Paulus aangaande die Torah:

*Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed.* Rom. 7:12

YHVH se wet (Torah) is die volmaakte wet van vryheid, want dit maak ons vry van die slawerny van sonde!

*Maar hy wat diep insien in die volmaakte wet van die vryheid en daarby bly, hy sal, omdat hy nie ‘n vergeetagtige hoorder is nie, maar ‘n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen.* Jak. 1:25

Torah-gehoorsaamheid maak ons vry van sonde sodat ons diensbaar aan YHVH se geregtigheid kan wees (Rom. 6:16 tot 18). Elkeen wat YHVH se Torah hoor en doen, sal gelukkig wees in alles wat hy doen (Jak. 1:25; Ps.1:1 tot 3; Jos. 1:8) en sal geheilig (afgesonder) wees!

**Maar onthou**: Om Torah te hoor en te doen begin by geloof in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias. Daarom lees ons in Joh. 1:46 die volgende:

*Filippus het Natánael gekry en vir hom gesê: Ons het Hom gevind van wie Moses in die wet en ook die profete geskrywe het: Yeshua, die seun van Josef van Násaret.*

Hulle het Yeshua die Messias van Torah ‘gesien’ (gevind) en in Hom geglo! Daarom lees ons: *Natánael antwoord en sê vir Hom: Rabbi, U is die Seun van God, U is die Koning van Israel!* (Joh. 1:50).

Deur geloof in Yeshua as die eenmalige offer word ons geheilig (afgesonder) (Heb. 10:14). In Heb. 2:11 lees ons ook dat *Hy wat heilig maak, sowel as hulle wat geheilig word, is almal uit Een*. Daarom is ons geroep tot heiligmaking en sonder heiligmaking sal ons nie ons Meester sien nie.

*Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking.* 1 Thess, 4:7

*Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand ons Meester sal sien nie;* Heb. 12:14

*Of weet julle nie dat bose mense nie die Koninkryk van God sal erf nie? Moenie mislei wees nie! Geen persoon wat vrye seksuele gemeenskap beoefen of beelde aanbid of buite sy huwelik seksuele gemeenskap het of seksuele molesteerders of homoseksuele of valses of diewe of dronkaards of moeilikheidmakers of uitbuiters sal die Koninkryk van God erf nie. V án hierdie dinge was in elkeen van julle, maar julle is skoon deur die doop, **julle is afgesonderd**, julle is onskuldig verklaar in die Outoriteit en Karakter van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een en deur die Gees van ons God.* 1 Kor. 6:9 tot 11 – PWL

Dit is betekenisvol dat die vierde en vyfde gebod eerste genoem word ten opsigte van afgesonderd vir YHVH te wees (Lev. 19:3). Hierdie is bevestiging van die belangrikheid van die Shabbatsgebod en van die gebod om ouers te eer en te eerbiedig.

Opsommend: Heilig en heiligmaking is om die liefde van YHVH, en die Woorde van Torah toe te laat om ons te deurdrenk en ons gedagtes, woorde en dade te vernuwe totdat ons gelykvormig aan Yeshua, die lewende Torah, word en ons as te ware instrumente van aanbidding word.

**Die Teenoorgestelde van Afgesonder**

Wat is die teenoorgestelde van afgesonder (heilig) en van afsondering (heiligmaking)? Indien afgesonder, soos ons gesien het, beteken om te dink, te praat en te doen wat Torah ons leer, dan is die teenoorgestelde om anders te dink en te praat en te doen as wat Torah ons leer. Dit is om dit wat afgesonder is te bring tot die vlak van dit wat alledaags is en waarmee die wêreld kan identifiseer. Dit is vermenging, bekend as sinkretisme. Daarom is Torahloosheid (-ongehoorsaamheid) die teenoorgestelde van afgesonder en van afsondering. Dit is om YHVH se Torah te ontheilig, naamlik om dit te onteer, te skend en ydelik te gebruik, en dit is lastering van YHVH.

Opsommend: YHVH sonder ons af (heilig ons) deur Torah-gehoorsaamheid en ons ontheilig (onteer) dit wat Hy afgesonder het deur Torah-ongehoorsaamheid. Talle Skrifverwysings bevestig dit, soos ondermeer Lev. 22:9, 15 en 32

*Hulle moet dan my ordening onderhou, dat hulle weens die heilige gawes geen sonde op hulle laai en daardeur sterwe nie, omdat hulle dit ontheilig het. Ek is YHVH wat hulle heilig.*

*So moet hulle dan die heilige gawes wat die kinders van Israel aan YHVH afgee, nie ontheilig*

*En ontheilig my heilige Naam nie, sodat Ek geheilig kan word onder die kinders van Israel. Ek is YHVH wat julle heilig*

Laat ons nooit vergeet dat die Afgesonderde Gees ons leer, lei en herinner volgens dit wat in Torah geskryf staan, ongeag hoe geestelik ons mag voel of dink ons is! **Die Afgesonderde Gees sal ons nooit op ‘n wyse lei wat teenstrydig met YHVH se Torah is nie!!**

**Bepeins of Bespreek**

1. Het YHVH se standaard van afgesonder (heilig) en van afsondering (heiligmaking) verander? Is die standaard (maatstaf) van die ou verbond verskillend as die van die hernieude verbond? Indien wel dan is YHVH nie dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid nie. Let op die volgende teksverse in die hernieude verbond: Rom. 6:19 tot 23, 2 Kor. 6:17 en Heb. 12:14 en 15 (2 Kor. 7:1; 1 Thess. 4:7; 2 Thess. 2:13; 1 Pet. 2:9; 2 Pet. 3:11). Lees ook Joh. 10:35 – die Skrif kan nie gebreek word nie (dit vorm ‘n onlosmaakbare eenheid – wat YHVH aan die begin gesê het bly steeds teen einde dieselfde)!!

2. Word ons as afgesonder (heilig) by wedergeboorte verklaar, of word ons heilig (geheilig) deur ‘n leefwyse van gehoorsaamheid aan Torah, of is beide stellings waar? Bespreek dit in die lig van 1 Kor. 1:30 – *Vanuit Hom is julle in eenheid met Die Gesalfde Een, Yeshua, wat vir ons die Wysheid van God, Onpartydigheid, Opregtheid, Afsondering en Verlossing, geword het* (PWL). Is dit waar om te sê: Ons word nie soseer beveel om afgesonder te wees nie, maar eerder beveel om deur gehoorsaamheid aan Torah dit toenemend te word. Deur YHVH se onderrig, en deur die krag van die Afgesonderde Gees, word ons instaat gestel om afgesonder voor YHWH te lewe.

3. Kan iemand wat YHVH se Torah verwerp as afgesonder (heilig) beskou word? Het so ‘n persoon homself nie ontheilig deur Torah te verwerp nie? Is belydenis van Yeshua as Messias, maar verwerping van YHVH se Torah, waarvan Yeshua onafskeidbaar is en wat die Karakter en Outoriteit van YHVH weerspieël, nie lastering teen die Allerhoogste nie?

*It is not the sty that makes the pig, but the pig that makes the sty* – Chadwick

*Unless we have WITHIN us that which is ABOVE us, we will eventually yield to that which is AMONG us* – Unknown

**Lev. 19:18 – Naasteliefde**

*Jy mag nie wraak neem of ’n wrok koester teenoor die seuns van jou volk nie, maar jy moet jou naaste liefhê soos jouself.* Lev. 19:18 – PWL.

Ons lees ook in Lev. 19:13 dat ons nie ons naaste mag verdruk of beroof nie!

Die voorstanders van Brits-Israelisme (Israelvisie; Efraimleerstelling) wat beweer dat die gebod in Lev. 19:18, en verwante Skrifverwysings, moet lees dat *jy moet jou naaste (wat) soos jouself (is) liefhê*, is ‘n verdraaiing van die Skrifte. Indien laasgenoemde waar sou wees beteken dit by implikasie dat ek die persoon wat nie soos ekself is nie, nie lief hoef te hê nie. Ek kan dus kwaad spreek van hom, by hom steel en hom doodmaak sonder om enige gebod te oortree??!! Dit kan tog nie waar wees nie!! Die teenoorgestelde van liefde is haat – ek het iemand of lief of ek haat hom. Volgens Hebreeuse denke is haat om iemand minder lief te hê as wat jy YHVH en jouself liefhet. Dan is liefde ook volgens Hebreeuse denke dit wat jy doen en nie net ‘n emosie nie. Daarom skryf die Apostel Johannes: Hy wat nie liefhet nie, het YHVH-God nie geken nie, want God is liefde (1 Joh. 4:8). Diegene wat net diegene liefhet wat soos hulself is, ken nie YHVH nie!!!

Ten opsigte van naasteliefde moet ons nie Yeshua se opdrag vergeet toe Hy gesê het dat ons ons vyande moet liefhê en die moet seën wat ons vervloek en aan hulle goed moet doen (Matt. 5:44)?

Wat van die Torah onderrig in Ex. 23:4 en 5 wat sê *As jy jou **vyand** se bees of esel teëkom wat ronddwaal, moet jy dit sekerlik vir hom terugbring. As jy jou vyand se esel onder sy pak sien lê, moet jy dit nie onverskillig aan hom oorlaat nie: jy moet dit sekerlik saam met hom aflaai*

So moet ons ook nie die opdrag in Deut. 23:7 vergeet nie: *Die Edomiet moet jy nie as 'n gruwel beskou nie, want hy is jou broer; die Egiptenaar moet jy nie as 'n gruwel beskou nie, want jy was 'n vreemdeling in sy land.* Jy moet die Edomiet en Egiptenaar (die van 'n ander volk / nasie) dus ook liefhê, want hulle is jou naaste. [Onthou: Volgens Brits-Israelisme is die Edomiet diegene wat nie soos hulself is nie en daarom hoef hulle hom nie lief te hê nie]

Bogenoemde is tog duidelike onderrig in naasteliefde!! Jou naaste is enige mens (ras of kleur) met wie jy in aanraking kom – selfs jou vyand. Hoekom? Want ons is almal uit een bloed gemaak (Hand. 17:26). Die betekenis is dat alle mense het uit een bron (van een oorsprong) gekom. Alle dinge het deur Hom (Yeshua) ontstaan en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie (Joh. 1:3).

Yeshua het self die gebod oor naasteliefde bevestig:

> *maar toe die Fariseërs hoor dat Hy die Sadduseërs stilgemaak het, het hulle almal saam vergader en een van hulle, 'n kenner van die wet, het 'n vraag gestel om Hom te toets: "Leermeester, watter bevel is die grootste in die Torah (Instruksies)?" Yeshua antwoord hom: "Jy moet* יהוה*, jou God, liefhê vanuit jou hele verstand, wil en emosie, vanuit jou hele gees, vanuit al jou kragte en vanuit al jou verbeelding en begrip. Dit is die eerste en grootste opdrag en die tweede, wat net soos dit is: jy moet jou naaste liefhê net soos jouself. Aan hierdie twee opdragte hang die hele Wet en die Profete."* Matt. 22:34 tot 40 – PWL.

Liefde vir YHVH en naasteliefde is die opsomming van YHVH se Torah!

**Bepeins of Bespreek**

1. In die tyd van Yeshua was dit 'n algemene Hebreeuse (Joodse) siening dat jou naaste 'n mede-Hebreër (mede-Jood) en deel van die gemenebes (commonwealth) van Israel was. Yeshua het egter die Torah soos YHVH dit aan Israel gegee het kom vervul, naamlik om dit te bevestig, te bekragtig en nuut te maak (soos 'n 'nuwe' maan). Daarom lees ons in Matt. 22:35 dat 'n wetsgeleerde vir Yeshua die vraag oor die groot gebod gevra het met die doel om vir Hom 'n strik te stel. Was Petrus se verrukking van sinne (Hand. 10:9 tot 28, veral vers 28) bevestiging dat alle mense, ongeag ras of kleur, ons naaste is?

## Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

### Amos 9:7 tot 15 – Die Belofte van Herstel

Hierdie week se Haftorah is nog 'n voorbeeld in die geskiedenis van Israel waar YHVH deur Sy profeet, Amos in hierdie geval, vir Israel (spesifiek die Noordelike Koninkryk) waarsku om terug te keer tot Torah-gehoorsaamheid of andersins die gevolge te dra. In ons *midrash* van die Haftorah Skriflesings het ons nou al geleer dat elke profeet wat YHVH na Israel gestuur het se boodskap die volgende bevat het:

- 'n Waarskuwing: Weens Torah-ongehoorsaamheid sou YHVH hul straf volgens die vloeke van ongehoorsaamheid soos ondermeer in Deut. 28:15 tot 68 uiteengesit word.

- ‘n Oproep tot bekering: Berouvolle terugkeer tot Torah-gehoorsaamheid sou vergifnis en YHVH se seën terugbring soos ondermeer in Deut. 28:1 tot 14 verduidelik word.

Die bediening van die profete van die ou verbond was die bevestiging dat Torah-gehoorsaamheid YHVH se seëninge verseker het, maar ongehoorsaamheid het YHVH se oordeel (strafgerigte, vloeke) tot gevolg gehad.

Tydens die profetiese bediening van Amos het die Noordelike Koninkryk polities, ekonomies en godsdienstig veilig en selftevrede gevoel. Dit het egter gelei tot korrupsie, geweld, onregverdigheid en afgodery. Daarom het Amos na die huis van Efraim (Noordelike Koninkryk) gegaan met die waarskuwing dat hulle geskud sal word soos in ‘n sif (Amos 9:9). Dit is die sifting om die kaf van die koringkorrels te skei en die gevolg sal wees dat *al die sondaars van my volk sal deur die swaard sterwe, die wat sê: Die onheil sal ons nie bereik en ons nie ontmoet nie* (Amos 9:10).

Maar dan volg die belofte vir berouvolle bekering wat op hierdie dinge sal volg, naamlik:

> *In dié dag sal Ek die vervalle hut van Dawid weer oprig, en Ek sal sy skeure toebou en sy puinhope herstel, en Ek sal dit opbou soos in die ou tyd; sodat hulle in besit kan neem die oorblyfsel van Edom en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, spreek YHVH wat dit doen.*
> Amos 9:11 en 12

Die herstel (oprigting) van die hut (tabernakel) van Dawid en die toebou van sy skeure (*breaches*) is profeties van die eenwording van die twee huise van Israel wat een van die tekens van die einde van dae is. In die verband skryf Ya’acov Natan Lawrence die volgende:

> ***The Return or Regathering of Israel***
> *In the last days, the sons of the Children of Israel (both Ephraim and Judah [Ezek 39:25]) shall return to the land of Israel with David as their king (Hos 3:5; 6:11; Ezek 37:24; see also Deut 30:4; Jer 16:15; 30:3; 31:23; 32:44; 46:27; Mic 4:6–7; Isa 27:11–13; cp. Matt 24:27–31). In rabbinic Jewish thought, this regathering is called the “final redemption” and involves the return of the exiles (both the Jews from the Southern Kingdom of Judah as well as those of the ten tribes) to the land of Israel, the resurrection of the righteous dead, the coming of Messiah, and the establishment of a world-ruling, Torah-based Messianic kingdom. This will mark the beginning of a period of peace and prosperity on this earth called the “Messianic Era” (or known in Christian parlance as “the Millennium”).*
>
> ***The Breach***
> *By dictionary definition, a breach is “an infraction or violation of a law; a broken, ruptured or torn condition; a split, crack or divide between two sides; a break in friendly relations.” This is what occurred when the Northern Kingdom was torn away from King Rehoboam causing a split in the nation of Israel (1 Kgs 11:13, 29–40; 12:1–20). This unnatural breach caused a serious wound within the nation of Israel such that the last question the disciples asked Yeshua before his ascension to heaven was whether he was about to restore the kingdom to Israel (Acts 1:6). What was Yeshua’s response to them? He told them to preach the gospel everywhere (verse 8). This message of restoration and repairing the breach was the focus of what Paul called the ministry of reconciliation (2 Cor 5:18). Paul likened this breach to the wall of partition called the soreg that existed at the Temple in Jerusalem to keep non-Jews from entering the inner courtyards of the Temple. The soreg kept Jews and*

*Gentiles apart. With this wall in place, how could the Israelites of the Northern Kingdom, who after their captivity and exile and had become lost among the Gentile nations, ever come back to YHVH and be reunited with their brothers (the Jews) of the Southern Kingdom? Paul made it clear that through the atoning sacrifice of Yeshua that soreg or middle wall had come down and that the divided kingdom of Israel would become a reunited nation once again. This new nation made up of redeemed Israelites Paul calls "the one new man" (Eph 2:11–19).*
[Parashat Kedoshim; http://www.hoshanarabbah.org ]

**Eseg. 20:2 tot 20 – 'n Waarskuwende Voorbeeld**

Parashah *K'doshim* begin met die *mitzvah* om afgesonder (heilig) soos YHVH te wees en dit waarsku dat ongehoorsaamheid sal veroorsaak dat die Beloofde Land, Kanaän, vir Israel sal uitspuug (Lev. 18:28). Hierdie waarskuwing is ook deur die profeet Amos aan Israel gerig en die geskiedenis leer ons dat dit is wat gebeur het toe die Noordelike Koninkryk in ballingskap weggevoer was. Dit herinner ons aan die brief aan die gemeente van Laodicea (Open. 3:15 tot 17):

*Ek ken jou dade, dat jy nie koud of warm is nie, want dit is nodig dat jy of koud sal wees, of warm en jy is lou en nie koud of warm nie. Ek gaan jou uit My mond uitspoeg, want jy sê: 'Ek is ryk en welvarend en het niks nodig nie' en jy verstaan nie dat jý siek, bejammeringswaardig, arm en kaal is nie.*(PW)

Ons is arm, bejammeringswaardig en kaal indien ons Torahloos lewe! Dit is dan wanneer YHVH ons uit Sy mond sal spoeg!

Ons moet onthou: Daar is slegs een tree wat ons skei van rein en onrein en van afgesonder en nie afgesonder nie. Dit is 'n baie dun lyn tussen gehoorsaam en ongehoorsaam aan Torah en daar is geen grys areas nie. Dit is reg of verkeerd, rein of onrein, heilig of onheilig – niks tussen in nie! Goeie bedoelings is ook nie 'n plaasvervanger vir gehoorsaamheid nie!!

Esegiël was profeet in die dae van die Babiloniese ballingskap van Juda en voor die finale val van Jerusalem. As priester en profeet het Esegiël die ontheiliging van YHVH se Shabbatte as hoofrede aangevoer vir Juda se ballingskap en die vernietiging van Jerusalem wat op hande was (Eseg. 20:12, 13, 16 en 20). Die skrywer van die brief aan die Hebreërs verwys in hoofstuk 4 ook na die Shabbat en die rus wat ons kan ingaan indien ons gehoorsaam is. Die Shabbat was een van die eerste van YHVH se *mizvot*, nog voor hulle by die Sinai aangekom het, wat Hy aan Israel gegee het. In die verband skryf Ya'acov Natan Lawrence die volgende:

*The Sabbath was the eternal sign between YHVH and his people, and it was one of the first Torah laws YHVH called upon Israel to practice. As noted, the failure of YHVH's people to keep his Sabbaths prevented the Israelites from going forward into their spiritual destiny.*

*Likewise, the fourth or Sabbath commandment of the Ten Commandments is the only one of the ten where YHVH instructs his people to "remember" it implying that they would eventually forget to keep his Sabbaths. History records that the Sabbath was the first "Jewish" law that the early church left replacing it with Sunday (in the second century AD). In the modern Hebrew Roots/Messianic Israel Movement, YHVH's people are beginning to leave the non-biblical religious traditions of men by returning to a more true-to-Scripture spiritual walk (a fulfillment of Malachi's prophecy about the heart of the children being*

*turned back to their fathers in the end days in preparation for Messiah's arrival [Mal 4:4–6]).*[Parashat Kedoshim; http://www.hoshanarabbah.org ]

**Bepeins of Bespreek**

1. Sonde is die oortreding van Torah (wetteloosheid – 1 Joh. 3:4). Is daar ook vandag die wat Torah-ongehoorsaam is en wat sê: *Die onheil sal ons nie bereik en ons nie ontmoet nie* – ons sal weggeraap word voor die dag (die oordeel) van YHVH aanbreek?

2. Is daar 'n ooreenkoms tussen Israel in die dae van Amos en Esegieël en ons eie land? Het ons nie ook 'n tydperk van politieke, ekonomiese en gosdienstige sukses beleef nie? Word ons land nie tans geskud soos in 'n sif nie? Het ons nie YHVH se strafgerigte (vloeke) oor onsself gebring weens die minagting van die Shabbatsgebod nie? Is die rede vir die politieke, ekonomies, morele en godsdienstige verval nie ook ons volk (die kerk) se Torahloosheid nie?

3. Om terug te keer tot gehoorsaamheid aan die Shabbatsgebod is profeties en is 'n direkte aanval op afggodery, materialisme, rebellie en eie geregtigheid. Hoe kan ons dan verbaas wees om soveel teenkanting te kry van die kerk?

4. Met verwysing na Open. 3:15 en 16 kan ons wel vra:

   - Is *koud* 'n persoon wat nie glo in Yeshua as Messias en nie Torah-gehoorsaam lewe nie?
   - Is *lou* 'n persoon wat glo in Yeshua as Messias, maar nie Torah-gehoorsaam lewe nie?
   - Is *warm* 'n persoon wat glo in Yeshua as Messias en wat Torah-gehoorsaam lewe?

-o-o-o-o-o-o-o-o-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is* (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom en Shalomgroete.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*